Kraggakamma Huisgeloof
vir kleingroepe, families en stiltetyd
15-20 November 2026

Tema: God vat ons vas en hou ons vas
Fokus Teks: Josua 6
Alternatiewe Teks: Jesaja 41:10

Afskop vrae:

Op Sondag 15 November 2026 hou ons kategese afsluiting. Gesels met mekaar oor jou dae as kind by die kerk? Wat onthou jy? Waarna verlang jy? Dink jy jongmense vandag het 'n gesonder ervaring van kerk as wat jy gehad het of nie?

Gespreksvrae:

Vir 2026 het die Jeugbediening stil gestaan by die tema: **Jaar van Waarde #waardevol.** Ons het onder andere Josua 6 as vertrekpunt gebruik.

- ✞ Wat in Josua 6 se verhaal staan vir jou uit of is vir jou vreemd?
- ✞ Wanneer was die laaste keer dat God jou gevra het om aan te hou vorentoe beweeg, selfs toe die situasie vir jou geen sin gemaak het nie? Hoe het dit gevoel?
- ✞ Die Verbondsark – wat God se teenwoordigheid verteenwoordig – het die hele tyd voor die volk uit gegaan. Hoe lyk dit in die daaglikse lewe om Jesus werklik voorop te stel in jou besluite, stryd en reaksies?
- ✞ Ragab en haar huishouding is gered danksy haar geloof en die belofte van die spioene (Josua 6:22–25). Hoe beklemtoon Ragab se verhaal God se ontferming, wat alle grense oorskry?
- ✞ Het jy al in jou lewe beleef hoe God vir jou vas vat? En vas hou?
- ✞ Gesels oor die volgende aanhaling vanuit Schalk van Heerden se boek *Betereinders (2023:24):*

'*Hy vat nie 'n tiende nie, Hy vat tien uit tien,*

Tien uit tien is nie perfek nie, dit is alles.

Hy soek nie jou goed nie, hy soek jou goedheid.

Hy soek jou

Hy vat jou

Hy vat jou vas, hy vat jou kwaad, hy vat jou seer

Hy vat jou bang, hy hou van jou, hy hou jou

Hy hou jou vas'

Afsluiting:

Van hande met jou groep/gesin en bid die volgende gebed vir Jongmense:

Hemelse Vader,

Dankie dat U ons jongmense se lewens ken nog voor hulle gebore is, en dat U elke stap van hul pad raaksien. Here, ons dra vandag ons jeug aan U op. Hulle staan voor groot berge, moeilike keuses en geweldige druk van die wêreld rondom hulle.

- **Gee hulle wysheid** en onderskeidingsvermoë in elke besluit wat hulle neem.
- **Beskerm hulle** teen gevare, versoeking en wanhoop, en wees 'n veilige skuiling wanneer die lewe te swaar word.
- **Anker hul identiteit in U**, sodat hulle weet hulle is geliefd, waardig en oorwinnaars deur Jesus Christus, ongeag wat die wêreld van hulle sê.
- **Stuur goeie vriende** en mentors op hul pad wat hulle sal aanmoedig om nader aan U te leef.
- **Bring uitkoms en vryheid** aan elkeen wat vasgevang is in vrees, verslawing, eensaamheid of seer.

Laat U lig helder vir hulle skyn, en vul hul harte met hoop en 'n toekoms wat U vir hulle beplan het.

Ons vra dit in die sterk Naam van Jesus.

Amen